

Bewusmaking, verantwoordbaarheid en samewerking kan misbruik van oseane help keer

Francois Vreÿ*

Die konflik tussen die Russiese en Oekraïense vloot op die Swartsee sedert Maart 2022 bly in die nuus. Dít, tesame met die Houthi-rebelle se missiel- en hommeltuigaanvalle op handelskepe op die Rooisee sedert Desember 2023, onderstreep die ingrypende impak van gewapende konflik ter see op die samelewingswaarde van ons oseane. Boonop toon die snelle toename in seeroof langs die Somaliese kus ná die Houthi-aanvalle presies hoe vinnig bedreigings vir orde ter see in misdadige aktiwiteite kan ontaard, waarby die res van die wêreld moet ingryp indien Afrikalande nie kan intree nie.

In teenstelling met die verwoestende oorlogvoering en misdaad, is daar egter ook meer opbouende idees, gesprekke en navorsing oor die waarde van ons oseane. Dit dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe – van die oseane se rol as klimaatsreguleerder en as voorraadhulpbron van lewende én nielewende goedere, tot die nut van die see as 'n vloeihulpbron vir skeepvaart, vermaak, handel, kommunikasie, inligting en idees. Terwyl skeepvaart op die oppervlak dryf, hou idees, kommunikasie en wêreldwye verbindings aan vloei danksy versteekte mariene infrastruktuur wat op snelgroeiende ondersese kabelnetwerke steun.

Dit is waar wat Christian Bueger en Felix Mallin in [Blue paradigms: understanding the intellectual revolution in global ocean politics](#) (2023) sê: Akademici het beslis die oseaanagenda met hulle navorsing beïnvloed. Akademiese studies handel oor maritieme sekuriteit, die blou ekonomie, die see as omgewing, en blou geregtigheid – alles onderwerpe wat nie altyd die nodige aandag in die media en ander verslaggewing ontvang nie. Hoewel gewapende konflik ter see meer dikwels die nuus haal, is dit in nasies én die wêreld se belang om eerder die potensiaal van die blou ekonomie te bou, die oseane as omgewing te beskerm, en behoorlik bestuurde blougeregtigheidsektore te bevorder.

Nietemin is maritieme sekuriteit die gom wat ál hierdie interafhanklike en onderling verbonde oseaansektore bymekaarhou as 'n grondslag vir menslike sekuriteit en voorspoed, te midde van die bedreigings van oorlogvoering, seeroof en plundery. Wanneer ons op 8 Junie [Wêreldoseanedag](#) vier, moet ons dus nadink oor die beste manier om die enorme ekonomiese, omgewings- en maatskaplike kapitaal van ons oseane te benut en te beskerm.

'n Kernbeginsel vir veilige oseane is samewerking. Geen enkele land of regering kan op sy eie die oseane veilig hou, verantwoordelike oseaangebruik verseker en oseaankaping, oorontginning, besoedeling en onregmatige praktyke afweer nie. Wat nodig is, is samewerking op grond van 'n liberale raamwerk van wêreldwye konsensus oor volwasse oseaangebruik, en eenstemmigheid oor beste bestuurspraktyke om die oseane as skoon en produktiewe landskappe te bewaar.

In dié verband fasiliteer die Djiboeti-gedragkode en Jeddah-wysiging aan die ooskus van Afrika en die Yaoundé-gedragkode aan die weskus van die vasteland hierdie tipe samewerking teen onwettige aktiwiteite en praktyke ter see. 'n Tweede belangrike instrument is vermoëbou deur die uitruiling van hulpbronne en kennis tussen nasionale owerhede en hulle maritieme agentskappe. Sulke vermoëbouprogramme versterk regspraktyke, ondersteun wetswysigings om die nasionale en internasionale maritieme reguleringssomgewings te bely, bied opleiding aan polisiëringsmagte om op see te werk, en voed kuggemeenskappe op oor die volhoubare gebruik van die see om werk- en voedselsekerheid te beskerm.

'n Belangrike dog moeilike aspek is die koördinerings van die magdom strategieë, potokolle en konvensies oor veiligheid ter see, wat hoofsaaklik deur die [Internasionale Maritieme Organisasie](#) bestuur word. Hoewel die meeste lande en skeepvaartagentskappe hierdie reëls en regulasies onderskryf, bly nakoming 'n probleem. Dít blyk duidelik uit die toename in onbekende en ongemerkte vaartuie wat hulle teen maritieme veiligheid- en sekuriteitsreëls verset, soos die Russiese 'donker vloot' wat glo die oseane deurkruis om oorlogsanksies te omseil.

'n Komende uitdaging is om algemene konsensus te bou oor die verantwoordelike gebruik van die see om volhoubare en produktiewe oseane vir toekomstige geslagte te verseker. Die strewe na hierdie hoë ideaal geskied teen die agtergrond van 'n wêreldwye toename in onwettige, ongerapporteerde en ongeregleerde vissery wat die oseane stroop. 'n Ontluikende praktyk wat ook fyn dopgehou word, is die ontginning van die seebodem, waarvoor tegnologieë by die dag meer gesofistikeerd en ekonomies lewensvatbaar word. Saam met besoedeling, hou hierdie praktyke ernstige gevolge in vir die see as omgewing, en vir die oseane se rol om die klimaat wêreldwyd te reguleer.

Die kwessies hier bo hou gesamentlik 'n bedreiging in vir die konsep van skoon en produktiewe oseane. Die gedagte dat die see gewoon te groot is vir die mens om af te takel, is lank iets van die verlede. Die oseane bevat deesdae verskeie dooie en oorontginde sones waar alle lewe en oseaanfunksies hetsy reeds verdwyn het of onder ernstige druk verkeer. Die oseane as 'n bron van ekonomiese groei en ontwikkeling (deur 'n lewenskragtige blou ekonomie), en as 'n katalisator vir 'n gesonde en funksionele milieu (die see as omgewing) wat gegrond is op wêreldwye konsensus oor die oppergesag van die reg vir die billike verdeling van voordele (blou geregtigheid), word dus brutaal ondermyn deur die wankelbaarheid van 'n vierde pilaar: samewerkende maritieme sekuriteit.

Wat Afrika betref, is die vasteland se maritieme strategie, die [Geïntegreerde Maritieme Strategie 2050](#), deur die Afrika-unie ontwikkel. Die strategie dui aan hoe die vasteland te werk moet gaan om sy oseane te beveilig en te beskerm en sodoende die potensiaal van ons blou ekonomie so goed moontlik te benut. Afrika het ook 'n [Strategie vir die Blou Economie](#), wat sekere bestuursriglyne neerlê vir werk op die gebied van die blou ekonomie en vir programme om die vasteland se doelwitte te bereik. Oorhoofs erken Afrikabesluitnemers – sowel konseptueel as programmaties – die belang van die vasteland se oseane as 'n ekonomiese enjin vir ontwikkeling en voorspoed. Hulle beklemtoon ook veiligheid, sekuriteit en geregtigheid as die vernaamste reguleringsdomeine om die beoogde ekonomiese en omgewingsvoordele van die see te beskerm.

Nietemin lyk dinge ongelukkig anders op streeks- en nasionale vlak. Ekonomiese streeksgemeenskappe en lidstate in Afrika sukkel om hulle maritieme sake agtermekaar te kry. Afrika se maritieme gebied is bykans twee keer so groot soos die vasteland se grondgebied. Die voorraad- en vloeihulpbronne wat in hierdie uitgestrekte maritieme landskap opgesluit lê, behoort aan Afrikane. Tog ly dit onder nasionale, streeks- en internasionale wanpraktyke wat maritieme onsekerheid, ekonomiese ontwigting en omgewingsaftakeling veroorsaak en die idee van blou geregtigheid en die billike verdeling van voordele onder Afrikasamelewings omvergooi.

Ek het vroeër genoem dat oorlogvoering ter see die grootste bedreiging inhou vir die ontginning van die waarde van ons oseane as 'n wêreldwye voorraad- en vloeihulpbron: Die see is immers 'die pad wat oral heen lei'. Waar daar nie oorlog is nie, maak ander bedreigings – seeroof, aanvalle op skepe, wapen-, mense- en dwelmsmokkelary, besoedeling, en die onwettige

ontginning van hulpbronne – die see ’n gevaarlike plek. Nes op land, ondermyn misdaadsindikate, gewetenlose bedryfsleiers, transnasionale misdaad en korrupte of onbevoegde owerhede ook die idee van verantwoordelike oseaangebruik.

Om mense van jongs af van die waarde van die see bewus te maak kan oseaanmisbruik help keer. Die insluiting van oseaanverwante kwessies by opvoedkundige programme en navorsing, en die bearbeiding van politieke rolspelers om ’n maritieme kennisbasis op te bou en ‘seblindheid’ te voorkom, is twee belangrike benaderings. Albei word versterk deur maritieme vermoëbouprogramme tussen die privaat sektor, die akademie, regerings en internasionale agentskappe om, benewens professionele maritieme diplomatie, ook op alle ánder vlakke saam te werk.

Hierdie tipe vaardighede en kennisbou kan ’n aansienlike verskil maak aan hoe mense oor hulle oseaanomgewings dink. Gesamentlik kan dit die immer toenemende klomp maritieme bedreigings en kwesbaarhede wat die produktiwiteit en toekomstige nut van die wêreld se oseane bedreig, help teenwerk of vertraag.

***Prof Francois Vreÿ is emeritus professor in Krygskunde en navorsingskoördineerder by die Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika aan die Universiteit Stellenbosch.**